e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

17 Maart 2011

Jaargang 4 – Uitgawe 7

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@hnk.co.za**

VOORBLAD

Besluit oor die beswaarskrif

'n Komitee wat 'n groep beswaarde lidmate verteenwoordig, het op 22 November 2010 'n beswaarskrif oor die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 van die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) met die opskrif *Verwerping van apartheid* by die Kommissie van die AKV ingedien.

Hulle het met die Moderamen in gesprek getree nadat hulle opgeroep is vir 'n gesprek wat deur bykans al die Kommissielede bygewoon is. Hoewel die beswaarskrif by dié geleentheid deur die Komitee op die tafel geplaas is, is dit nie bespreek nie.

Die uitvoerige beswaarskrif stel in hoofsaak dat die besluit van die AKV ongeldig was en dat leerverskille daarin vervat is. Die Kommissie van die AKV (die Kommissie) en die lede van die Kommissie individueel, het die meriete van die beswaarskrif deeglik bestudeer en oorweeg.

Op 28 Januarie 2011 het die Kommissie 'n buitengewone vergadering belê waar verdere aandag aan die beswaar en die proses wat gevolg behoort te word, gegee is. Die Kommissie het na hierdie vergadering 'n herderlike skrywe aan al die gemeentes van die Kerk gestuur om hulle van die beswaar in te lig en oor hoe die Kommissie die saak verder gaan hanteer.

Die Kommissie was ook bereid om verteenwoordigers van die beswaarmakers op 18 Februarie 2011 te woord te staan oor die proses, maar die beswaardes het aangedui dat hulle so 'n gesprek nie nodig ag nie, aangesien die proses al reeds in die Kerk bekendgestel was en daar nie nuwe inligting uit die gesprek sou voortkom nie.

Die Kommissie het, soos die Kerkorde daarvoor voorsiening maak, die advies van verskeie deskundiges oor die saak ingewin. Die meerderheid- en die minderheidstandpunte wat ontvang is, is oorweeg. Die oorweldigende meerderheid van die deskundiges stem nie saam met die wese van die beswaardes se argumente nie, maar almal is dit eens dat hier belangrike teologiese aangeleenthede is wat dalk verdere debat vereis.

Die Kommissie het die beswaar volledig bespreek en verskeie standpunte is uitgespreek tydens 'n werkwinkel op 4 en 5 Maart 2011. Daarna is die beswaarskrif weer eens in debat geneem op 10 en 11 Maart 2011 tydens die Kommissie se geskeduleerde vergadering. Daar is by hierdie geleentheid weer met die Komitee van die beswaardes gesprek gevoer.

BESLUIT

1. Die beswaardes het die Kommissie van die AKV nie daarvan oortuig dat Besluit 54 *ultra vires* is nie.

2. Besluit 54 van die 69ste AKV word gehandhaaf.

3. As gevolg van die kompleksiteit van leerstellige sake in die beswaarskrif, hanteer die Kommissie van die AKV dit volgens Ordinansie 1.2 van die Kerkorde en lê dit aan die 70ste AKV voor vir besluit.

4. Die Kommissie van die AKV onderneem om die gesprek met die WCRC voort te sit oor die historiese verloop sedert 1982, die *Status Confessionis* en die Kerk se uitsprake oor die teologie van die WARC.

5. Die Kommissie spreek sy kommer uit oor die toenemende polarisasie in die Kerk, en versoek alle groepe in die Kerk om 'n gesindheid van versoening, nederigheid en wedersydse vertroue in mekaar voorop te stel sodat die verskillende standpunte gerespekteer word.

6. Die Kommissie van die AKV sal self verdere debat oor die diversiteit van menings en teologiese standpunte stimuleer.

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Prop Pieter Rossouw** na die Stella-kombinasie (voltyds)

Beroep aanvaar

- **Dr Jan Vorster** van Verwoerdburg (deeltyds) na Olifantsfontein (deeltyds)

Vakante standplaas

- **Gemeente Harrismith** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 50 belydende lidmate, en bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese dorpsomgewing die Woord te verkondig. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n CV (tesame met 'n kort beskrywing van hom- of haarself), moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Die kandidaat moet ook saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag besoek en die erediens lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **tanya@centre-africa.com** of per gewone pos na Posbus 797, Harrismith 9880 **voor 10 April 2011**. Kontak oudl Cobus van der Laarse by 082 452 2953 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Hans en mev Ina Britz** van Outjo/Otjiwarongo was dié week in 'n motorongeluk nadat 'n aankomende motor buite beheer geraak het. Hulle het geringe beserings opgedoen.

- **Ds Arnold Viljoen** van Tsumeb/Grootfontein is steeds in die intensiewesorgafdeling van die hospitaal in Windhoek. Hy is nog aan die dialisemasjien gekoppel, maar sy toestand verbeter geleidelik. Sy asemhaling het so verbeter dat hy stadigaan van die suurstofmasjien losgemaak word. Hy begin reeds stemme herken en reageer as met hom gepraat word. Die Kerk se voorbidding word steeds vir hom en sy gesin gevra.

- Na 25 jaar vier **ds Geo Smit** van **Gemeente Potchefstroom-Suid** op Sondag 10 April sy silwer ampsjubileum. Belangstellendes moet Yolande van der Walt asseblief voor 27 Maart by 018 294 6871 of **nhkps@mailbox.co.za** laat weet indien hulle die erediens om 11:00 in die gemeente se kerkgebou op die hoek van Chris Hani- en Kockstraat wil bywoon.

- **Ds Werner Olivier** is tans weer op sy maandelikse besoek aan die lidmate van Zimbabwe. Hy keer op Sondag 20 Maart terug.

- **Die volgende predikante verjaar van 17 tot 25 Maart**, en word hartlik geluk gewens.
  - Donderdag 17 Maart: Dr Daan van Wyk (sr) (emeritus)
  - Vrydag 18 Maart: Di Pieter Furstenberg (Richardsbaai), Robby Pienaar (Ogies) en Piet (PS) van Staden (emeritus van Witrivier)
  - Sondag 20 Maart: Di Hannelie Botha (beroepafwagtend), André Harmzen (buiteland) en Lou Swanepoel (siekte-emeritaat)
  - Maandag 21 Maart: Di Heinrich Botha (Evander) en Paul Jooste (emeritus)
  - Woensdag 23 Maart: Ds Bernie Sneygans (Hartebeestpoort)
  - Donderdag 24 Maart: Ds Janine Bevolo-Manders (Hartebeeshoek)
  - Vrydag 25 Maart: Ds Barnie van der Walt (Bybelgenootskap)

- Die **proponente** wat op 10 Maart beroepbaar gestel is, is nou beskikbaar vir **preekbeurte**. Hul kontakbesonderhede is soos volg:

  - Maritza Botha 079 154 4154 / maritzabotha@gmail.com

- Yolandé Benadé 082 410 0092 / yellowyollie@yahoo.com
- Petrus Dreyer 082 453 8094 / dreyer.petrus@gmail.com
- Annezel Otto 084 816 4037 / aotto@cellc.blackberry.com
- Pieter Rossouw 083 379 8287 / pieter.rossouw7@gmail.com
- Lisa-Mari Swanepoel 083 943 4561 / lisamari.swanepoel@gmail.com
- Wouter van Wyk 072 225 7986 / wouterjr@msn.com

- Anders as alle ander rade en kommissies, word die **Proponentseksamenkommissie** nie direk na die AKV nuut saamgestel nie. Die Eksamenkommissie het altyd eers die taak om vroeg in die volgende jaar die tweede gedeelte van die proponentseksamen af te neem en aan die Kommissie van die AKV by sy Maart-vergadering verslag te lewer. Daarna word die nuwe Kommissie saamgestel, wat verantwoordelikheid aanvaar vir proponentseksamens gedurende die volgende drie jaar. **Ds Adriaan Roets** is benoem as sameroeper van die nuwe Proponentseksamenkommissie.

- Die Kommissie van die AKV het kennis geneem van die **emeritaataanvaarding** van **ds Buks van Heerden** van Harrismith (Mei), **dr Frans Boshoff** van Ermelo-Suid (Mei), **ds Lou Swanepoel** wat reeds met siekte-emeritaat is (Maart), en **ds Jan Grobler** van Virginia/Kroonstad (Mei/Junie).

- Die Kommissie van die AKV het die losmaking van **ds Chantel Francis** uit haar deeltydse standplaas by Gemeente Onverwacht goedgekeur. Haar eggenoot is verplaas na Polokwane en hulle is verplig om te verhuis. Sy was ook skriba in die ring van Potgietersrus.

- Die Kommissie het by sy vergadering op 10 Maart die volgende standplaaswysigings goedgekeur: **Middelburg-Noord** en **Weltevreden** hef elk ’n deeltydse standplaas op; **Rooihuiskraal** hef ’n volledig versorgde standplaas op; **Orkney** se volledig versorgde standplaas wysig na ’n standplaas met deelversorging; **Harrismith** se deelsorgstandplaas word deeltydse bediening.

- Die Kommissie van die AKV het die aansoek van **Gemeente Witfontein** om die skep van ’n nuwe deeltydse standplaas goedgekeur. Die gemeente groei steeds onder die bediening van ds Jimmy Manders en is lankal te groot om deur een predikant bearbei te word. Die afgelope paar jaar is ’n saal-en-kategese-kompleks op ’n kontantbasis deur die gemeente gebou.

- Die Kommissie van die AKV, in samewerking met ringskommissies, het aan die volgende gemeentes uitstel verleen met hul beroepswerksaamhede: **Christiana**, **Koedoesrand**, **Pretoria-Wes** en **Ebenhaézer in Ellisras** (3 maande elk), en **Westonaria** tot einde Maart.

- **Gemeente Greylingstad** het toestemming van die ring van Heidelberg en die Kommissie van die AKV ontvang om emerituspredikant ds Fanie Naudé as pastorale hulp te gebruik. Ds Naudé help reeds geruime tyd in die gemeente.

- **Dr Frikkie Labuschagne van Gemeente Sasolburg** laat weet soos volg:

  Ons gemeente het op Sondag 13 Maart intens bewus geraak van die nood van ons dowe broers en susters in die geloof. **Ds Jan-Harm Barkhuizen** van Gemeente Weskus het die erediens ingerig soos vir dowe lidmate. Die Skriflesing uit Psalm 23, ’n keurspel van liedere uit die Liedboek van die Kerk, en kragtige gebede wat die gemeente met oop oë kon bid, was aangrypend. *Die Here was vandag vir ons gemeente goed!* was die woorde van oudl Prinsloo na die diens. Die lidmate was diep aangeraak deur die preek van gebaretaal, wat deur ds Jan-Harm gedemonstreer is. Die Kerk het in ds Barkhuizen ’n stille krag. Dowebediening het in Gemeente Sasolburg ’n prioriteit geword. ’n Mediese fonds is deur die gemeente op die been gebring, waaruit dowe lidmate in die Weskus-distrik bedien word. Dit is ons grootste voorreg dat die Here ons so kan gebruik. Gemeente Sasolburg wil binnekort minstens een erediens per maand vir dowes inrig. Mag die genade en die liefde van ons Here die wêreld van elke dowe in en om Sasolburg binnedring.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 15 tot Sondag 17 April: Gemeente Volksrust: 150ste verjaardag**
  Vrydag: Feesbasaar
  Saterdag: Voorbereidingsdiens en formele ete

Sondag: Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete
Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900 of **buitendagp@telkomsa.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

Toere

- **18 April tot 2 Mei: Egipte en Turkye**
  Onder leiding van **ds Martin Slabbert**
  Besoek **www.indievoetspore.co.za** of kontak ds Slabbert by 082 655 4787

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Sondag 20 Maart om 14:30: Gemeente Erasmia**
  Tjellis Ha!Man (Francois le Roux)
  Kom beleef spontane kreatiewe energie op sy beste!
  By Gemeente Swartkop, Irelandlaanverlenging, Eldoraigne
  R50 per volwassene en R35 per skolier
  Skakel 072 563 7821 of 072 286 7944 vir meer inligting en besprekings
  of e-pos **marilene.heunis@gmail.com** of **magdaf@etana.co.za**

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking Gholfdag**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen ’n prys
  Borge welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Philadelphia: Resepteboek: *Philadelphia-Feestafel***
  R150 per eksemplaar
  56 bydraers se 415 uithalerresepte
  Ook afdeling oor Bybelse etes en feeste
  Bestel van Louise Geyser by **louise.geyser@absamail.co.za**, 012 361 0579
  of 082 560 4279
  of van Rue Hopley by **gemeentebestuurder@nhk.co.za** of 012 362 7237

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, trekking van wenkaartjies 5 Mei
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom, Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of Emmarentia by 015 307 4508

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3;
  of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Direkteur: Kontekstuele Bediening** by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die **sluitingsdatum is 31 Maart 2011**. Kontak prof Malan Nel by 012 420 4951 vir meer inligting. Volledige besonderhede verskyn ook as aanhangsel by die *e-Hervormer* van 24 Februarie en 3 Maart. Gaan na **www.hervormer.co.za** om toegang tot vorige uitgawes te kry.

- Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van **Redakteur** van die maandblad ***Die Christelike Vrou***, om diens te aanvaar op 1 September 2011. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

- **Vereistes:** Lidmaat van die NH Kerk van Afrika; naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie; ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek; kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.

- **Vaardighede**: Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Hierdie is 'n deeltydse pos. Stuur CV **voor of op 31 Maart 2011** aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955, of kontak die NHSV-kantoor by 012 325 0117.

- Die volgende geleenthede vind by die **Voortrekkermonument (VTM)** plaas:

  - Mandjiedanse elke **eerste Vrydag van die maand** met orkes van Manie Erasmus (VTM piekniekterrein om 19:00). Toegang R120 per paartjie of R70 per persoon. Kontak Hennie Coetzee by 012 326 6770 of Manie Erasmus by 082 445 4136.

  - Antiek- en versamelaarsmarkte op **21 Maart en 16 Junie** (VTM Amfi-dak 09:00 tot 15:00). Kontak Geraldine Paulsen by 012 326 6770.

  - Muur van Herinnering: Gedenkdiens op **29 Mei** (VTM). Kontak Annatjie Erasmus by 012 326 6770.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 24 Maart plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 17 Maart: ADV-dagbestuur; Direksie van Ons Tuis
  - Vrydag 18 Maart: Finkom van die Ondersteuningsraad
  - Dinsdag 22 Maart: Jeugliedkomitee
  - Woensdag 23 Maart: Bestuur van die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 24 Maart: Redaksie van *Die Hervormer*; Direksie van Monumenttehuise

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit is vir my interessant om te lees van 'n predikant wat redeneer dat gebed nie werk of help nie. Die Bybel is van die Ou Testament tot in die Nuwe Testament vol mense wat voortdurend tot God gebid het, en Hy het hul gebede verhoor. Dit is so dat wanneer jy op selfsugtige wyse tot ons Vader sou bid, jy nie noodwendig 'n antwoord gaan kry nie, maar bid tot die Vader soos 'n kindjie, en sien die goeie resultate.

David Naudé

"Ons het van Dullstroom se uitnodiging aan predikante om daar te kom preek, gebruikgemaak. Verblyf op 'n plaas wat aan mnr Jan Janson, eerste Administrateur van die Kerk, behoort het. Tans woon sy kleindogter Hanlie en haar man Jan Bette daar. 'n Pragtige klipkerk, gedurende die Anglo-Boereoorlog verwoes maar weer herbou. Johanna Janson, skoondogter van wyle mnr Janson, is koster. Verblyf in 'n gerieflike woonstel, die kaggel gepak, elektriese kombers, reg vir die koue. Vyf minute se stap na dorpsdam. Geleentheid vir visvang. As jy wil rus, al moet jy preek, gaan kuier 'n naweek op Dullstroom."

Ds Anton Swanepoel, Emeritus

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word

aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

SKOPUS BESIGHEIDSKONSULTANTE
Ons konsulteer met entrepreneurs oor:
- Besigheidsplanne
- Ondernemingstrategieë
- Bemarkingsplanne
- Ondernemingseffektiwiteit
- Korporatiewe beeld

Skopus Besigheidskonsultante is bereid om 'n minimum 15% verwysingsfooi te betaal vir elke leser van die *e-Hervormer* of *Die Hervormer* wat kliënte na ons verwys. Terme en voorwaardes geld. Rig navrae aan **info@skopus.co.za** of skakel Pieter van Nieuwenhuizen by 079 089 4290.

SELFSORG-GASTEHUIS, PRINGLEBAAI, WES-KAAP TE HUUR
Slaap 4 mense
Kom rus in kleindorpie-atmosfeer, loopafstand van strand
R500 per dag
Afslag kan gereël word as u vir meer as 3 nagte bespreek
Spesiale aanbod vir Paasnaweek
Kontak Bettie Richter by 082 499 0211 of e-pos na **richterpringlebay@gmail.com**

SONJA SMITH BEGRAFNISGROEP
'n Sagte hand in die seerste tyd...
079 895 4414
www.sonjasmith-funerals.co.za

AGTERBLAD

Vrae oor die Landwye Bybelvasvra

Die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra het enkele navrae ontvang oor die voorskryf van addisionele materiaal as agtergrond by die Bybelgedeeltes vir die bestek van die Landwye Bybelvasvra. Is ander materiaal naas die Bybel inderdaad wenslik?

Hieroor net 'n paar opmerkings:

1. Die doelwit van die huidige Komitee, soos voorgehou aan die Raad vir Gesinsorg, is dat ons **nie net kennis** by lidmate wil fasiliteer nie, **maar ook verstaan**. In die Hervormde tradisie word geloof immers gesien as *kennis* en *vertroue*. Ons wil graag nie net melk aan lidmate voorsien nie, maar hulle ook begelei om verantwoordelik vaste kos te eet.

   Vanjaar handel die Vasvra oor Matteus 1 tot 7. In die Bergrede, waar die Ons Vader-gebed voorkom, is 'n paar vrae wat antwoorde soek. Hoeveel van ons is bewus daarvan dat daar twee weergawes van die Onse Vader in die Bybel is? Die twee verskil van mekaar, maar hoekom? Is daar 'n regte of verkeerde een? Watter een is die regte een? Respek vir die Woord dwing gelowiges om noukeurig ondersoek te doen oor wat God deur sy Woord vir ons wil sê.

2. Bybelstudiegidse as deel van die bestek is so oud soos die projek self. Dit is nie 'n nuwe gebruik om agtergrondmateriaal saam met die Bybel voor te skryf nie. Vorige gidse wat voorgeskryf is, is *Die skietlood hang* oor Amos (dr Loffie Naudé), *1 Petrus* (prof PA Geyser), *Die brief aan die Efesiërs* (dr HJ Botes), *Die Geloofsleer* vir 'n tydperk van drie jaar (prof AD Pont en andere), *Miga* (prof PM Venter), gedeeltes uit Die Bybel in Praktyk, en oor die jare verskeie artikels uit *Konteks*, om maar 'n paar te noem.

3. Ons droom is *Een Bybelstudiegids vir die Kerk per jaar*. Ons droom saam met SENTIK is om die Kerk se boekeskat met minstens een Bybelstudiegids per jaar te laat toeneem. Dr Gafie van Wyk se manuskrip oor die Josef-verhale is reeds by SENTIK om moontlik gereed te wees vir 2012. Die manuskripte vir 2013 en 2014 is al ver gevorder. Kom en deel ons droom!

Ds Stephen de Beer
Koördineerder: Landwye Bybelvasvra

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx